SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 29-May-2006
Topic: 10
Ref No: 2820
1
ID: 03345321-01
Source Page: 12

# 'Gewone mense moet hoop vir armes bring'

## Staat kan nie almal bereik – prof. Jansen

Alet Rademeyer

Die regering kan nie elke mens in die land bereik nie en daarom moet gewone mense uitspring en help om te verseker dat die heel armstes ook toegang tot dienste, geld, kos en basiese geriewe kry.

Só het prof. Jonathan Jansen, dekaan van opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria (UP), onlangs by die bekendstelling van die Awake & Rise-projek by die Seroka-kliniek sowat 70 km noord van Jane Furse in Sekhukuneland in Limpopo gesê.

Die projek is begin by die kliniek waar sowat 60 vrywilligers werk en vigslyers en ander siekes versorg word.

'n Groentetuin is ontwikkel deur werklose vroue en jonges van die gemeenskap. Die groente is een van die min voedselbronne wat beskikbaar is vir talle weeskinders, siekes en bejaardes in die gemeenskap.

Jansen het gesê as daar een ding is wat Suid-Afrikaners nou nodig het ondanks al die slegte nuus oor MIV/vigs, armoede, siektes, misdaad en geweld, dan is dit hoop.

En hoop is die boodskap wat dié projek uitstraal.

Prof. Kobus Maree van die fakulteit opvoedkunde by die UP is ook betrokke by die projek.

Uit die private sektor het Momentum, Food & Trees for Africa en First Rand asook die departement van landbou na vore gekom om te help.

Die Sekhukhune-gebied is een van dié armste gebiede in die land waar die werkloosheidsyfer bykans 98% is.

Jansen het gesê mense se verbintenis om kollektief by sulke projekte betrokke te wees, is van wesenlike belang vir die sukses van die ekonomie, die welstand van mense in die instandhouding van die demokrasie.